

30 Oktober

Skrifgedeelte: Handeling 17:16-34

Fokusgedeelte: Handeling 17:23b-28 (NAV)

God ken jou geboortedag, sterfdag en adres

Sonder asem kan ons nie eens 'n paar minute leef nie. Niks kan sonder suurstof leef nie. Selfs die asem wat ons elke oomblik van ons lewens inasem, toon aan dat God vir ons sorg. God gee aan ons die lewe en asem en álles wat ons nodig het. Die woorde wys vir ons hoe intensief God vir ons sorg! Paulus preek hier vir die Ateners en verkondig God as die skepper en versorger van die wêreld met alles wat daarin is. (Lees ook HK, So 10.)

God sorg nog verder vir ons. Hy bepaal hoe lank ons sal bestaan en waar ons sal woon. God het dus ons lewensjare en adres vooraf vasgestel. Deur Hom leef ons, beweeg ons en bestaan ons. Selfs al beweeg ek net my vinger, is dit nie vanweë my vermoëns nie, maar omdat God dit vir my moontlik maak. Ons word ook verseker dat Hy nie ver van ons is nie; trouens, die Heilige Gees is in elke gelowige en vul ons met krag en liefde en selfbeheersing (2 Tim 1:7).

Wat nog veel belangriker is, is dat God nie net vir ons aardse lewe sorg nie. Hy sorg vir ons liggaamlike en geestelike nood. Ons enigste troos is juis dat ons weet dat ons met liggaam en siel, in lewe en in sterwe nie aan onself behoort nie, maar aan ons getroue Saligmaker, Jesus Christus. Ons kan vandag die lewe met dié troos tegemoet gaan.

Sing: Psalm 33:10,11 Ds W Vogel (Welkom)